Sondag **24 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 28**

**Fokusgedeelte: Psalm 28:2, 6, 9**

**Smeek en prys ons ewige heilige Herder**

Die allerheiligste deel van die tempel was daardie deel waar niemand kon ingaan nie, behalwe die hoëpriester wat een keer per jaar daar moes ingaan om vir homself en die volk versoening te doen. Enigiemand wat sommer net daar sou ingaan, sou onmiddellik deur God se heiligheid en toorn vernietig word (Lev. 16). So het God Homself as die Allerheiligste aan die volk geopenbaar. Niemand kan tot Hom nader sonder dat daar eers vir hom/haar versoening gedoen is nie.

Wanneer Dawid sy hande smekend uitstrek na God in hierdie allerheiligste deel (vs 2), getuig hy dat hy presies weet hoe absoluut heilig God is. Hy bely sy skuld en smeek God om hom te verlos van die helse doderyk (vs 1), van die goddelose wêreld (vs 3), maar ook van sy eie sondes (vs 1-5 wys dat hy besef dat hy self skuldig is, straf verdien en verlossing daaruit nodig het).

Dawid ken die Here, sy Herder – hy weet hoe absoluut heilig God is. Maar hy weet ook hoe groot God se genade en verlossing is. Juis daarom kan hy met totale oorgawe, afhanklikheid en vertroue smekend tot die Here sy Herder bid om vergifnis. Juis daarom breek hy ook spontaan in lofprysing uit teenoor God vir sy verlossing. Vanuit hierdie opregte vreugde wil hy hierdie redding nie net vir homself hê nie. Daarom bid hy tot God om ook vir die hele volk ’n ewige heilige Herder te wees wat hulle verlos!

’n Gebed wat in Jesus Christus vervul is. Deur Christus kan ons smekend tot ons allerheiligste God bid om vergifnis en redding. Deur Christus word ons verlos van die helse doderyk, die sondige wêreld en ons eie sondes! Daarom kan ons ook God ons Herder loof en prys – die ewige heilige Herder van gelowiges uit alle nasies!

*Sing: Psalm 116-1:2, 3, 7*

*Ds. J (Johan) Dunn (Keetmanshoop/Mariental)*